

Saterdag 20 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 5:14-19

Fokusgedeelte: Levitikus 5:15

Daar is vergifnis vir ons onnadenkende sondes

'n Gelowige kan die beste bedoelings hê om God gehoorsaam te wees, maar steeds verkeerd doen. Ou-Testamentiese gelowiges kon byvoorbeeld met opregte bedoelings 'n dier offer en na die tyd besef die dier het eintlik iets makeer. So 'n oortreding was nie opsetlik nie. Ander mense het waarskynlik nie eers daarvan geweet nie, maar die skuldige se gewete het hom gepla.

Wanneer die skuldige daarna 'n ram as offer gebring het, het die priester bepaal of die ram se waarde verband hou met sy skuld. Indien die ram se waarde te min was, moes die persoon silwer byvoeg soos wat die priester bepaal het. Sy offer se waarde was nie gelykstaande aan sy oortreding nie, maar dit moes twintig persent groter wees. So kon hy vrede vir sy gemoed kry. Wat leer ons hieruit?

Eerstens, ons beste pogings om aan die Here gehoorsaam te wees, is nie volmaak nie. Ander mense het miskien geen idee van ons foute nie, maar God se Gees maak ons oë daarvoor oop en laat ons skuldig voel. Dié soort oortreding bly jou gewete pla. So 'n skuldige gewete bring verwydering tussen jou en God. Dit het versoening nodig om jou verhouding met Hom te herstel.

Tweedens, die skuldoffer het ook 'n element van vergoeding bevat. Die skuld is nie net terugbetaal nie. 'n Ekstra twintig persent moes betaal word. 'n Gelowige wat verkeerd gedoen het, kry vrede wanneer hy besef Jesus het ook dáárvor betaal. Wanneer mens Jesus se offer aanvaar, verander sy Gees jou ingesteldheid. Jy wil vergoed wat jy verkeerd gedoen het én sy Gees spoor jou aan om uit dankbaarheid nóg meer te doen. Jou herstelde verhouding met God werk 'n nuwe ingesteldheid in jou.

Sing: Psalm 99-1:1, 5

Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)